

8 Augustus

**Skrifgedeelte: Josua 8:1-35 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 7:1-5,25,26; 8:29,30**

Vier hope klippe wat getuig

Daar is in hierdie voorgelese gedeelte sprake van drie hope klippe. Elkeen getuig en vertel 'n boodskap.

Die klippe bo-op Agan (7:26) vertel van 'n volk wat na die Goddelike oorwinning oor Jerigo, vir Ai wil verower sonder om die Here te raadpleeg. Agan se begeerte en daad teen die Here se wil is maar 'n voorbeeld van die hele volk se begeerte. Sonder God was daar egter geen oorwinning nie. Hoeveel kliphope op ons lewenspad getuig daarvan dat ons sonder die Here 'n saak probeer aanpak het? En hoeveel kliphope getuig van ons gierigheid en doelbewuste ongehoorsaamheid?

Die klippe bo-op die koning van Ai (8:29) getuig weer van 'n volk wat 'n les geleer het, berou getoon het en gehoorsaam aan die Here die saak aangepak het. Vyf keer word gemeld dat die Here die stryd vir hulle gestry en die oorwinning vir hulle behaal het (8:1,7,8,18,27). Die klem lê op die Here wat die oorwinning gee. Die klippe getuig van herstelde verhoudings. Het jy ook sulke kliphope wat getuig dat God eerste in jou lewe kom?

Die derde stel klippe is ongekapte altaarklippe in die vallei tussen die Ebal- en Gerisemberge (8:30). Die helfte van die volk het teen die hange van die een berg gestaan, en die ander helfte teen die ander berg. Die verbondsark en altaar was in die middel. God was dus in die middel. Ook die vreemdelinge en kinders van die land, soos Ragab-hulle, staan daar (8:33). Die Wet word voorgelees met die seën én vloek daaraan verbonde. Almal moes dit hoor: Só moet die verhouding tussen God en sy volk wees. Het jy ook sulke altaarklippe wat getuig dat God in die middel van jou lewe staan?

Naby Jerusalem is daar 'n klipkoppie genaamd Golgota. Dit getuig van God se versoenende genade aan sondaarmense. Wat 'n troos!

Sing: Psalm 86:1,6

Ds AH Stavast (Mosselbaai)